

---

# Die vraagstuk van ideologie in die Sosiologie

## 1. *Oriëntering t o v die vraagstuk*

Die wetenskap is 'n sisteem van geordende kennis wat steeds ontwikkel. Dus is ook die sosiologie as 'n vakwetenskap - en wel as een van die sosiale wetenskappe - soos alle ander vakwetenskappe 'n geordende en steeds ontwikkelende sisteem van wetenskaplike kennis. Gedurende die afgelope aantal jare het daar vroe by sommige sosioloë ontstaan oor die verband tussen die *sosiologie* as 'n *wetenskaplike kennissisteem* en *ideologie* as 'n "*nie-wetenskaplike*" *sisteem van idees*. Vroe oor hierdie verband kom veral na vore in terme van 'n beweerde - meestal implisiete, dus inbegrepe - ideologiese betrekking van sommige kontemporêre sosioloë, soos veral weerspieël in hul teoretiese-sosiologiese beskouings.

Hoewel daar nie in hierdie stuk daarop ingegaan word nie, is dit belangrik om daarop te wys dat bogenoemde vraagstuk van ideologiese "infiltrasie" nie beperk is tot slegs die sosiologie nie, maar dat dit ook 'n vraagstuk van toenemende omvang in sommige van die ander sosiale wetenskappe asook die politieke wetenskappe geword het.

Na aanleiding van die ter sake vraagstuk ontstaan die logiese vraag, naamlik: wat is ideologie? asook: wat is die aard, terrein en beginsels van die sosiologie as vakwetenskap? Wat laasgenoemde vraag betref, sal dit weldra duidelik word dat daar in die beoefening van die sosiologie as vakdissipline aan sekere wetenskaplike vereistes voldoen behoort te word om die "wetenskaplikheid" daarvan te handhaaf in terme van die vraagstuk van

"nie-wetenskaplike" ideologie. Vir die ter sake doeleindes sal die studieterrein van die sosiologie nie volledig behandel word nie. Die begrip ideologie word vervolgens breedweg omskryf.

## 2. *Wat is ideologie?*

Hoewel godsdiens-, ekonomiese en wetenskaplike groepe, kunsstrominge, ens, gewoonlik oor selfstandige ideologieë beskik, kan politieke leerstellings as die mees omvangryke en gedetailleerde ideologieë beskou word, en sal vervolgens hoofsaaklik na *politieke ideologie* verwys word. Aangesien bepaalde ideologieë gewoonlik bepaalde lewensbeskouings weerspieël, en omgekeerd, sou lewensbeskouing as 'n aspek van ideologie ingesluit kon word vir die doeleindes van hierdie stuk.

Van Doorn en Lammers<sup>1)</sup> definieer *ideologie* as 'n regverdigingsstelsel vir die totale veld van idees en golwe van 'n groep, klas, gemeenskap of samelewing, wat primêr verwys na sentrale groepswaardes waaruit norme, doelstellings en verwagtings afgelei word. Ryan<sup>2)</sup> wys daarop dat ideologie gedurende die afgelope eeu ontwikkel het tot 'n politieke leerstelling of credo, met die implikasie dat die inhoud daarvan relatief onbelangrik is in vergelyking met die uitwerking daarvan op diegene wat dit onderskryf, en dui dit op 'n stel geselekteerde idees met betrekking tot hul uitwerking.

Met verwysing na *politieke ideologie* in die besonder, kan laasgenoemde volgens Waltzer beskryf word as 'n ideesistelsel wat 'n wenslike politieke orde verklaar en regverdig, met die nodige strategie - prosesse, institusionele maatreëls, programme, ens - om sodanige orde te handhaaf.<sup>3)</sup> Politieke ideologie kan ook gesien word as 'n redelik samehangende stelsel van idees insake praktiese middele t o v die verandering, hervorming, of die handhawing van 'n bestaande politieke orde.<sup>4)</sup>

In kort verwys ideologie na 'n stelsel van idees van 'n bepaalde groep, gemeenskap of samelewing wat dien as basis vir die regverdiging en handhawing van 'n bestaande (hoofsaaklik sosiale en

politieke) sisteem of orde, of wat dien as basis  
t o v die verandering van sodanige sisteem of orde.

### 3. *Identifisering van die vraagstuk*

#### *Wetenskaplike perspektief op die vraagstuk*

Die vraagstuk aangaande die teenwoordigheid van ideologiese elemente in veral die kontemporêre sosiologie is hoofsaaklik geleë op die terrein van die sosiologiese teorie. As sodanig het dit te make met verskillende benaderings- en ontledingswyses in die sosiologie. 'n Meestal noodwendige, inbegrepe ideologiese betrokkenheid wat in bepaalde denkskole en benaderings in die sosiologie voorkom, blyk uit die kritiese ontleding van die geskiedenis van die sosiologie, asook uit die kritiese geskrifte van sommige sosioloë oor veral sekere kontemporêre teoretiese benaderings in die sosiologie in terme van sodanige ideologiese betrokkenheid.

Die ter sake vraagstuk kan slegs behoorlik belig word indien 'n besondere perspektief daarop verkry word. In hierdie verband kan dit onder andere en veral belig word vanuit 'n kennissosiologiese perspektief, met daarby as jongste vertakking van laasgenoemde 'n sosiologie van sosiologie(se) perspektief, en verder ook 'n perspektief vanuit die sosiologie van die wetenskap.

Die kennissosiologie bemoei sigself met die feit dat kennis, in sy breë betekenis, ook deur sekere samelewingsomstandighede beïnvloed word.<sup>5)</sup> Hierdie beïnvloeding van kennis deur samelewingsomstandighede soos onder andere politieke gebeure en veranderinge, is reeds aangetoon deur sosioloë soos Scheler, Marx en Engels, Durkheim, Mannheim, Stark en Merton.

Die sosiologie van sosiologie omvat breedweg die volgende aspekte: die eksterne verband tussen sosiologie en die breër samelewingspraktyk; die vraagstuk van waardes en ideologie in die sosiologie; en die interne struktuur van die sosiologie as vakdissipline.<sup>6)</sup>

Die sosiologie van die wetenskap het veral te make met die sosiale struktuur van, en dus die proses van institutionalisering van die wetenskap in die algemeen, en dus ook van die sosiologie as vakwetenskap. Sodanige aspekte word veral deur Barber<sup>7)</sup> aangetoon.

*Breë historiese perspektief op die vraagstuk*

Die vraagstuk van ideologiese verbintenisse in die sosiologie is reeds so oud soos die sosiologie as vakwetenskap self. Die teenwoordigheid van ideologiese elemente word reeds sedert die tyd van Auguste Comte in mindere of meerdere mate in die sosiologiese beskouings van verskillende sosioloë aangetref. Reeds by die meeste van die vroeëre pioniers in die geskiedenis van die sosiologie soos onder andere Comte en Durkheim in Frankryk, Max Weber in Duitsland, en Sumner, Ward en Small in die Verenigde State van Amerika, het, afhanges van die tydsgees en praktiese sosio-politieke omstandighede in die samelewings van hul tyd, ideologiese verbintenisse in hul sosiologiese teorie geopenbaar. Met 'n bewustheid en motivering t o v die hervorming van samelewingsomstandighede, het hulle hul onderskeie sosiologiese sisteme aangewend in diens van hul ideologiese oortuigings. Wisselende grade van 'n konserwatiewe, liberale en radikale ingesteldheid het in hul individuele sosiologiese teorie en algemene intellektuele beskouings voorgekom.

Uit die bestudering van hierdie vraagstuk word dit duidelik dat die rol van ideologie veral in sekere strominge van die kontemporêre sosiologie steeds meer pertinent word. Benewens byvoorbeeld in implisiete oftewel inbegrepe "konserwatiewe" verbinde wat in die kontemporêre struktuur-funksionalistiese sosiologie teenwoordig blyk te wees, openbaar die sogenaamde "nuwe, "radikale" sosiologie - veral in die Verenigde State van Amerika - skynbaar 'n eksplisiete oftewel direkte, doelbewustelike radikalisme na "links". Afgesien van 'n direkte, doelbewustelike "infiltrasie" van ideologie - veral politieke ideologie - in sommige teoretiese kaders, wil dit voorkom asof die teenwoordigheid

van ideologie - meestal noodwendig en inbegrepe - selfs in die gangbare, konvensionele sosiologie waar die beginsels van wetenskaplike waarheid skynbaar ernstig nagestreef word, nie sonder meer ontken kan word nie.

#### *Waardebetrokkenheid en wetenskapsbeskouing van die sosioloog*

Die wesentlike van die vraagstuk van die teenwoordigheid van ideologiese elemente in die sosiologie is by uitstek te vinde in die aangeleentheid van *waardebetrokkenheid* van die sosioloog en die *vorming* van 'n *wetenskapsbeskouing* deur die sosioloog.

As wetenskaplike behoort die sosioloog *sover moontlik* te voldoen aan die basiese vereistes of beginsels t o v wetenskapsbeoefening. Hierdie beginsels is onder andere en veral objektiwiteit, waardevryheid, empirisiteit en logisiteit. Uit die aard van sy studiemateriaal, naamlik die gepatroneerde ordelikheid waarin sosiale wisselwerking tussen mense plaasvind<sup>8</sup>), is die sosioloog noodwendig gemeenskaps- en samelewingsbetrokke; is dit selfs vir die mees konsensieuse sosioloog-wetenskaplike nie moontlik om altyd aan sommige van die genoemde wetenskaplike vereistes te voldoen soos wat dit byvoorbeeld deur die natuurwetenskaplike gedoen kan word nie.

Bogenoemde betrokkenheid van die sosioloog dui op 'n waardebetrokkenheid wat in sy wetenskaplike arbeid kan voorkom. Hy bevind homself enersyds noodwendig of andersyds doelbewus in 'n situasie waarin hy nie geheel en al voldoen aan sekere basiese vereistes wat geldend is vir wetenskapsbeoefening nie. Dit is veral weens 'n gebrek aan, of 'n verset teen objektiwiteit en waardevryheid in sy wetenskapsbeoefening dat hierdie verskynsel voorkom. In hierdie verband kan verder ook gewys word op die feit dat die neutraliteitsbeginsel, naamlik van 'n waardevrye wetenskapsbeoefening, reeds vir 'n geruime tyd in die gedrang is. Trouens, dit is vir 'n geruime tyd reeds nie meer geldend vir die oorgrote meerderheid sosioloë (en geesteswetenskaplikes in die algemeen) nie. Waardevrye wetenskap word reeds deur diesulkes as 'n

"mite" beskou.

Vanuit 'n religieuse grondmotief, wat gewoonlik manifesteer in 'n bepaalde godsdiensvorm of 'n bepaalde ideologie (veral waar laasgenoemde benewens 'n sisteem van idees, verder verhef word tot 'n geloofsisteem), ontwikkel die wetenskaplike - dus ook die sosioloog-wetenskaplike - soos enige ander mens sy eie waardesisteem en lewensbeskouing. Op grond van sy lewensbeskouing ontwikkel die wetenskaplike ook 'n eie wetenskapsbeskouing of -idee - 'n beskouing of idee t o v die doel, omvang, taak en metodes van die wetenskap.

In die lig van bogenoemde blyk dit dat algehele objektiwiteit en waardevryheid nie moontlik is in die vakwetenskaplike beoefening van die sosioloog nie, en is daar altyd 'n mate van waardebetrokkeheid teenwoordig. Hierin bestaan dan ook die moontlikheid van die teenwoordigheid van ideologiese elemente in die sosiologie as 'n wetenskaplike dissipline.

Wat die huidige stand van die sosiologie betref, veral t o v nuwere, radikale strominge, moet die vraagstuk van ideologie in die sosiologie nie slegs gekoppel word aan die sosiologie in bepaalde lande of kontinente nie, maar eerder as 'n universele verskynsel gesien word. Hierdie verskynsel toon steeds 'n toename in intensiteit, veral met verwysing na die eise van sosioloë om praktiese deelname aan openbare aangeleenthede, en dan by uitstek op sosio-politieke gebied. Sommige radikale sosioloë wil die sosiologie aanwend om hul revolusionêre oogmerke te bereik. Dit is veral die Neo-Marxisties-georiënteerde flank van die radikale sosiologie wat die radikale verandering of selfs omverwerping van die "establishment" voorstaan.<sup>9)</sup> Hierin lê dan ook die moontlikheid dat hul "wetenskaplike" sosiologiese beskouings eerder populêre, "nie-wetenskaplike", propagandistiese, revolusionêre politieke idees word; sou dit dan die teoretiese basis vir hul revolusionêre praktyke kon word. Die wetenskaplikheid van die sosiologie sou dan opgeoffer word vir blote politieke wensdenkery en propaganda.

#### 4. *Prinsipiële waardering van die vraagstuk*

Uit die voorgaande blyk dit dat ideologie, veral politieke ideologie, onvermydelik en noodwendig in die sosiologie, veral die sosiologiese teorie, voorkom. Ideologiese betrokkenheid in die sosiologie kom dwarsdeur die geskiedenis van die sosiologie voor. Dit was reeds Comte as grondlegger van die sosiologie as vakwetenskap wat met sy positivisme die sosiologie doelbewustelik wou aanwend in die rekonstruering van die samelewing. Al wou hy volgens sy positivistiese standpunt die maksimum graad van objektiwiteit, waardevryheid en empirisiteit handhaaf, het sekere waardes en waarde-oordele - dus ook ideologiese waardes en waarde-oordele - in die toepassing van sy wetenskaplike sosiologiese kennissisteen nie uitgebly nie. Benewens Comte is daar by so te sê al die pioniers in die geskiedenis van die sosiologie die een of ander vorm van ideologiese verbintenis te bespeur, hetsy inbegrepe en noodwendig, of direk en doelbewustelik.

Wat laasgenoemde betref, is die sosioloog uit die aard van sy studie-materiaal altyd op die een of ander wyse waardebetrokke. As sodanig bestaan ook die moontlikheid van ideologiese betrokkenheid, wat noodwendig inbegrepe is by, of deel vorm van sy teoretiese beskouings.

Ideologiese waardes wat in die sosiologie teenwoordig is, kan 'n besonder positiewe doel dien wanneer dit die werklike verbetering van die samelewingsomstandighede op 'n Christelik-verantwoordelike wyse impliseer; m a w wanneer dit konformeer aan die skeppingsgegewe ordelike wetmatigheid van God vir sover dit die mens en sy samelewing aangaan.

Afgesien van 'n ideologiese betrokkenheid wat soms noodwendig inbegrepe by die sosiologiese beskouings van sosioloë voorkom, behoort sosioloë myns insiens *sover moontlik* te voldoen aan die wetenskaplike beginsels van onder andere objektiwiteit en waardevryheid, om *sover moontlik* betroubare en waarheidsgetroue feitlike gegewens by wyse van geykte metodes van wetenskaplike navorsing te bekom. Dit

geld ook vir die beskrywing en verklarings van sosiologiese gegewens. Indien ideologie veral op direkte en doelbewustelike wyse in die sosiologie voorkom, en laasgenoemde grotendeels as ideologiese propaganda-medium dien, bestaan die werklike gevaar dat die sosiologie as wetenskaplike kennisstelsel omgebou kan word in ideologie as "nie-wetenskaplike" ideestelsel, veral op sosio-politiese terrein.

Die moontlikheid van bogenoemde gevaar lê verder daarin verskuil dat die prakties-betrokke sosioloog in sy ideologiese standpuntname sy rol as wetenskaplike kan verruil vir dié van ideoloog. Verder sal sy studie-onderwerpe slegs bestaan uit daardie aspekte wat diensbaar is aan ideologiese doelstellings. Dit is veral t o v politieke aangeleenthede dat die sogenaamde *nuwe radikale* sosiologie steeds sterker standpunt inneem ten gunste van 'n radikale politiek, en dan wel op humanistiese grondslag, waarvolgens die mens outonoom is, en die bo-tydelike skeppingsgegewe beginsels en norme waarvolgens die mens in sy vryheid wel ook gebonde of verantwoordelik is aan sodanige beginsels en norme, geïgnoreer word. Die neiging bestaan dan ook dat die *nuwe, radikale* sosiologie steeds meer 'n *verpolitiserings* van die sosiologie kan inhou. 'n Verset word al hoe meer teen objektiwiteit en waardevryheid geopenbaar, en word selfs 'n praktiese deelname t o v sosio-politiese aangeleenthede en beslissings deur hierdie sosioloog geëis. Die sosiologie moet volgens hulle nie slegs die strukturering en funksionering van die samelewing beskryf en verklaar nie, maar self 'n krag in die proses van verandering op sosio-politiese gebied wees. Soos reeds aangetoon, bereik hulle eise 'n hoogtepunt in revolusionêre Neo-Marxistiese beskouings.

#### *'n Prinsipiële standpunt*

Soos blyk uit die voorgaande, is algehele objektiwiteit en waardevryheid in die beoefening van die sosiologie as vakwetenskap nie moontlik nie, en kom ideologiese betrokkenheid noodwendig voor, aangesien by elke sosioloog as wetenskaplike 'n eie



wetenskapsidee of -beskouing ontwikkel op grond van sy lewensbeskouing. Hetsy in terme van "Christelike" wetenskap, of daarteenoor "nie-Christelike" wetenskap, word die lewensbeskouing altyd in die wetenskapsbeskouing geïntegreer.

Om tot 'n gebalanseerde opvatting van die beoefening van die sosiologie as *feitlik-normatiewe* vakwetenskap te kom, word 'n prinsipiële standpunt as vertrekpunt vereis. Hiervolgens sou waardes wêl in die sosiologie teenwoordig wees, maar sonder dat die gevaar bestaan dat die sosiologie omgebou kan word in ideologie. Die prinsipiële standpunt is noodwendig 'n Christelike standpunt deur die Christengelowige sosioloog gehuldig.

Die ooreenstemmende kenmerke by die onderskeie Christelike lewensbeskouings is dat hulle almal Godgerig is en die God van die Bybel aanvaar, uitgaande van die standpunt dat alles uit, deur en tot God is. Al hierdie rigtings bevat die waarheid op grond van die Godsopenbaring, naamlik dat God die oorsprong, middel- en eindpunt van al ons denke, dade en lewenswyse is.

Van hierdie Christelike lewensbeskouings is die Calvinistiese vir ons die aanvaarde, wat ". . . eis dat die Christelike godsdiens die hele lewe van die mens, en al sy doen en late sal bevrug en deursuur, en wel in die sin dat die soewereiniteit Gods, die Koningskap van Christus en die Lig van Gods Woord vir alle terreine van die skepping en vir die hele lewe van die mens in totalitêre sin geld en as sodanig erken en aanvaar moet word, saam met al die konsekwensies wat daaruit voortvloei."<sup>10)</sup>

In die lig van bostaande kan "Christelike" wetenskap gedefinieer word, en wel deur Stoker, as "wetenskap wat prinsipiëel en histories geworstel is in, en opkom uit en in hooflyne medebepaal word deur, ons Christelike lewensbeskouing, waaronder religie."<sup>11)</sup> "Christelike" wetenskap - dus wetenskap soos beoefen deur die Christengelowige wetenskaplike - is egte wetenskap wat voldoen aan al die vereistes vir wetenskapsbeoefening, en wat, soos alle ander wetenskapsbeoefening 'n eie

wetenskapsbeskouing het. In hierdie wetenskapsbeskouing - naamlik beskouing oor die doel, omvang, taak en metodes van die wetenskap - word die Bybelse waarhede geïntegreer. Dit moet in gedagte gehou word dat die Christen-wetenskaplike (net soos die nie-Christen-wetenskaplike) as mens egter onvolmaakte wese is wat ten dele ken en ten dele weet, en is sy kennis dus begrens. Nog nooit is enige wetenskaplike aanduidings verstrekkend dat die mens ooit die volle waarheid ten volle geken het of ken of sal ken nie.

Met die Christelike lewensbeskouing as uitgangspunt, kan die sosiologie - as struktuur-funksionele teorie van die samelewing - opsommend aan die hand van Dengerink<sup>12)</sup> gestel word as positiewe sosiologie wat in sy beskouing oor die tipiese strukture van die empiriese samelewing, afhanklik is van die wysgerige, terwyl laasgenoemde afhanklik is van die religieuse grondmotief, wat ook sy uitgangspunt vorm.

Op grond van hierdie Christelike lewensbeskouing, wat op sy beurt 'n Christelike wetenskapsbeskouing tot gevolg het, word aanvaar dat, soos reeds genoem, alles uit, deur, en tot God is. In die laaste instansie is, of behoort alles tot die eer en diens van God te wees. Dit is ook op grond van hierdie Christelike lewensbeskouing op die transendente standpunt dat die struktuurprobleem in die sosiologie volgens Van der Walt<sup>13)</sup> gesoek word buite die mens en skepping, naamlik in die *skeppingsorde*. Die Godgegewe wette en norme is dus geldend vir die hele skepping, en die sosioloog kan die (konstante) struktuur van die samelewing deur nougesette ondersoek van Bybelse beginsels ontdek, dit positiewe en aktiveer in sy diepste persoonswese met 'n roepingsgetroue vryheid-in-gebondenheid- of vryheid-in-verantwoordelikheid-ingesteldheid in gehoorsaamheid aan die Godgegewe wetmatigheid rakende ook die samelewingswerklikheid. Dit alles moet en kan gesoen word sonder enige bedoeling dat die Bybel 'n wetenskaplike handboek is.

Benewens die roeping van die sosioloog as wetenskaplike mens, gaan dit in bogenoemde ook wesenlik om die roeping van die mens op elke lewenssterrein,

naamlik die toepassing van Bybelse beginsels vir die praktiese lewe in die sin van hoe menseverhoudinge, handeling en gebeurtenisse op alle terreine van die lewe behoort te wees. Volgens die Bybelse beginsels word norme vir die lewenspraktyk uitgewerk. In hierdie lig word die samelewingstruktuur as *samelewingsorde* gesien, wat deel uitmaak van die deur-God-geskape werklikheid, en waarin onder andere die sosiologie 'n veld van studie het. Die sosioloog is egter steeds bewus van die feit dat die samelewing benewens 'n vaste en onveranderlike *strukturele orde* in elk van die verskillende samelewingsvorme, ook dinamies van aard is deurdat dit onderworpe is aan 'n proses van sosiale verandering. Laasgenoemde werklikheid moet dan ook in berekening gebring word.

Die sosioloog wat 'n Christelike lewensbeskouing en wetenskapsbeskouing huldig, sal alle empiriese of ervaringsfeite met betrekking tot die vervulling van funksies in die konkrete samelewingswerklikheid, beskryf en verklaar as feite of funksies wat waarde en betekenis verkry binne die skeppingswerklikheid van God. Met mekaar vervleg, is die *feitlike* en *normatiewe* orde, in afhanklikheid van die *skeppingsorde*, verantwoordelik vir die *samelewingsorde*. Die waarde van funksies word dus deur die bo-tydelike wette van God, soos geopenbaar in die Bybel, naamlik Sy Woord, bepaal, en het dus ook ewigheidswaarde. Die *feitlike* struktuur van die samelewing is dus gelyktydig 'n *normatiewe* struktuur.

##### 5. *Ten slotte*

In sy wetenskapsbeoefening is die Christengelowige sosioloog dus noodwendig waardegebonde, en wel gebonde aan God se skeppingsgegewe waardes en norme. Indien die sosioloog in sy beskrywing, verklaring en toepassing van gegewens slegs aan menslike waardes gebonde is - dus gebonde aan konsepsies van wat vir slegs mense wenslik is, - is hy eensydig deurdat hy 'n humanistiese uitgangspunt huldig. In laasgenoemde verband bestaan die moontlikheid dat menslike waardes, en dus ook *ideologie* as populêre, belange-georiënteerde idees op menslike vlak,

al hoe meer in die sosioloog se wetenskaplike sosiologiese beskouings kan voorkom. Hierdie ignorering van die prinsipieel-God-gegewe en -be=paalde, kan die verabsoluttering van waardes op menslike samelewingsvlak tot gevolg hê. Om enig= sins te verhoed dat hierdie waardes in die weten=skaplike sosiologiese beskouings van sosioloë op so 'n wyse dominerend raak dat die sosiologie ge=vaar loop om in ideologie - veral politieke ideo=logie - omgebou te word, kan die sosioloog nie anders as om prinsipieel 'n gebalanseerde weten=skapsbeskouing te huldig nie.

In die lig van die voorgaande kan die standpunt gestel word dat 'n gebalanseerde beoefening van die sosiologie as vakwetenskap slegs moontlik is wanneer dit vanuit 'n Christelike oogpunt plaas=vind. In hierdie verband is 'n kombinasie van beide die rol van wetenskaplike en die rol van gemeenskaps- en samelewingsbetrokkene in die ar=beid van die sosioloog - rolle waarna reeds vroeër verwys is - nie genoegsaam nie. In sy noodwen=dige gemeenskaps- en samelewingsbetrokkenheid moet die sosioloog steeds, en in die eerste plek, ge=hoorsaam wees aan die skeppingsbeginsels en skep=pingsgegewe moontlikhede van God, wat ook geldend is vir alle menslike handeling, verhoudinge en gebeure in groeps-, gemeenskaps- en breër same=lewingsverband. In sy rol as wetenskaplike moet die sosioloog ernstig strewe na die ideaal van *sover moontlik* voldoening aan die basiese vereistes vir wetenskapsbeoefening, waaronder veral objek=tiwiteit, waardevryheid en empirisiteit, om so=doende wetenskaplik-geldige en werklikheidsgetroue kennis aangaan die menslike samelewing daar te stel. Daardeur kan hy menslike subjektiwiteit en waarde-oordele in sy wetenskapsbeoefening sover moontlik uitskakel. Hierbenewens moet die sosio=log egter erken dat sekere waarde-oordele nood=wendig in mindere of meerdere mate in sosiologiese navorsing voorkom, afhangende van die aard van sy studie-materiaal - dus weens sy gemeenskaps- en samelewingsbetrokkenheid. Maar hierdie waarde-oordele, asook die ideaal van sover moontlike vol=doening aan die basiese vereistes vir wetenskaps=

beoefening, moet steeds getoets word aan en onder=  
worpe wees aan die skeppingsbeginsels en moontlik=  
hede van God.

C W Bester  
PU vir CHO

BRONNEVERWYSINGS

1. Van Doorn J A A & Lammers C J Moderne sosiologie. Syste= matiek en analyse. Utrecht, Het Spectrum N V, 1966. p 195.
2. Ryan A The philosophy of the social sciences. London, Macmillan Co. 1970, p 221.
3. Waltzer H Political ideology: belief and action. (In Christenson R M et al, Ideologies and modern politics. London, Nelson, 1972, p 5)
4. Ibid, p 6, soos aangehaal uit Friedrich, Man and his government: an empirical theory of politics, (1963), p 90.
5. Vgl onder andere Mitchel G D (red), A dictionary of sociology. London, Routledge & Kegan Paul, 1968, p 200-201.
6. Tiryakian E A (red), The phenomenon of sociology. A reader in the sociology of sociology. New York, Appleton-Century-Crofts, 1971, p 14.
7. Vgl onder andere Barber B, The sociology of science. (In Merton R K, Broom L & Cottrell L S (jr) (reds), Sociology today. Problems and prospects. New York, Harper Torch= books, Harper & Row, vol 1, 1965, p 215-228).
8. Vgl Roode C D, Inleiding tot die sosiologie. Kaapstad, A A Balkema, 1974 (hersiene uitgawe), p 4.
9. T o v die sogenaamde nuwe, radikale sosiologie en die Neo-Marxisties-georiënteerde flank daarvan, vgl onder andere Brown, Carol. A history and analysis of radical activism in sociology, 1967-1969, with special reference to the Sociology Liberation Movement, the Black Caucus, the Execu= tive Council, the War in Vietnam and a few other things. *Sociological inquiry*, 40, 1970; Blackburn, R (red), Ideology in social science. Readings in critical social theory. London, Fontana, 1972; Szymanski, A, Toward a radical sociology. *Sociological inquiry*, 40, 1970.
10. Stoker H G, Die stryd om die ordes. Potchefstroom, Cal= vyn Jubileum Boekefonds, 1941, p 220.
11. Stoker H G, Oorsprong en rigting, vol 2. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1970, p 66.
12. Dengerink J D, Critisch-historisch onderzoek naar de socio= logiese ontwikkeling van het beginsel der "sovereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, Kok N V, 1948, p 191.
13. Van der Walt J P, Sosiologie prinsipiëel gefundeer. *Koers. Maandblad vir Calvinistiese denke*, Potchefstroom, 30; 1 en 2: 85-86: Julie-Aug 1962.